




Naaakte waarheid

Een was 'n
legendariese
ontkleedanser in
die vroeë 70's;
die ander besit
vandag haar eie
ontkleeklub,
terwyl nog een
die bedryf die
rug keer het. Drie
Afrikaner-vroue
vertel hul eie
striptease-stories.





Gigi

Ons praat hier van drie gebore en getoë Boeremeisies wie se sexy karma hulle nie aan die verkeerde kant van hierdie donker bedryf laat beland het nie. Meisies wat ekstrovert en hardekwis genoeg was om hordes mans se wellus te trotseer en ná die tyd skaamteloos hul verhaal kon vertel; nie net vir die hele land se koerante en tydskrifte nie, maar ook op hul eie podiums in 'n wêreld van boeke en verhoogstukke.

Drie vroue, een beroep...

Eerstens is daar iemand soos Gigi. Dié Paarl-meisie, gebore as Perlé van Schalkwyk, is vandag, op die ouderdom van 45, waarskynlik Suid-Afrika se enigste *celebrity stripper*. Sy is M-Net se *Celebrity Survivor*-wenner, eienaar van die Lollipop Lounge in Randburg en hou haar lyf ook aktrise, wat mense se mond laat oophang wanneer sy haarself poedelnakend uittrek in haar verhoogstuk *Nipplecaps & G-strings* (voorheen was sy te sien in 'n soortgelyke stuk genaamd *Whore*).

In dié opspraakwekkende toneelstukke maak sy dit duidelik dat eksotiese danseresse mag oor hul kliënte het en dat slegs die sterkstes oorleef in dié moeilike wêreld van

tease. Sy glo vas in die bemagtiging wat dié tipe lewe haar bied en sal ook nie skroom om dit luidkeels uit te basuin óf om dit in alle erns onder jonger danseresse te verkondig nie.

Hoewel Gigi deesdae die meeste kollig na haarself toe aantrek vanweë haar leefstyl as danseres, kan min mense vergeet van Glenda Kemp, die destydse Swartruggens-hoofmeisie wat die skindertonge behoorlik laat klap het met haar kaalbasstreke saam met haar luislang, Oupa. Vandag is sy afgetree en op die ouderdom van 63 vertel sy graag hoe sy intussen dramaties tot bekering gekom het.

Sy skroom nie om haarself uit te spreek téén die soort leefstyl waarmee sy in die vroeë 1970's soveel omstredenheid veroorsaak het nie. Sy vertel haar verhaal in haar epiese biografie, *Snake Dancer*, wat in 2012 uitgereik is.

Dan is daar Karin Eloff, 'n ontkleedanseres (voorheen bekend as Zoë) wat al 'n Mej. Hustler en redakteur van die tydskrif *Loslyf* was en deesdae as taalversorger by die poniekoerant *Sondag* werk. Karin, wat later vanjaar 40 word, het al amper tien jaar gelede haar rug op die donker nagklublewe van 'n ontkleedanseres gedraai en in 2009 'n onthullende boek, *Stiletto*, daarvoor geskryf. Sy is een van die samestellers van Tafelberg se 2012-bundel *Bloots*, waarin 'n klompie Afrikaanse skrywers stories vertel oor die erotiek. Dié boek het so goed gevaar dat Karin reeds besig is om te werk aan *Bloots 2*, wat waarskynlik later vanjaar die lig sien.

Nou walg dit haar

Swangerskap het gemaak dat Karin haar rug op ontkleedklubs draai en in *Stiletto* verwoord sy die nagmerrie van elke ouer: Wat maak jy as jou meisiekind ná skool besluit om 'n eksotiese danseres te word? In haar boek maak sy dit duidelik dis 'n wêreld wat haar nou nog met afgryse vervul:

“Nadat ek gereeld begin strip het, het die valse mag wat die customers dink hulle oor jou het en die arrogante selftevredenheid in hulle gesigte my baie aande naar, aggressief en swetend in die badkamer laat wegkruip. Ek was later bang. Bang ek

breek 'n bottel in een se gesig, bang ek kry 'n geweer in die hande en skiet van hulle dood sonder om aan die nagevolge te dink. Nie omdat ek hulle haat nie, maar omdat hulle domastrantheid my so intens geïrriteer het.

“Vir my het dit gevoel of die res van die wêreld hulle oë toemaak vir die harde realiteit waarin ek myself begeef het. Natuurlik was dit so. Hoekom sou hulle hulself bevuil met dit wat ek vir myself geskep het? Hoekom sou hulle begrip daarvoor hê? Ek was vasgevang in 'n wêreld van seks sonder liefde, dwelms, die gepaardgaande rock-klankbaan, geweld, gangsters, vinnige geld en vals glamour – en ek het verwag dat die ‘normale’ samelewing my moet verstaan en aanvaar.”

Dit gaan oor mag

Hierdie vroue het almal dieselfde stuitighede aangevang; min van hul kaalbas-tydgenote het heel anderkant uitgekome en dié wat het, se stories verskil hemelbreed. Die reaksie daarop is uiteenlopend, veral as Gigi jou vertel van die soort *tease* waarin 'n vrou haar in die openbaar en op 'n vreemde man se skoot kaal moet uittrek om 'n geldjie te kan verdien.

“Ek vertel altyd vir my nuwe danseresse hulle het die mag op die verhoog;” sê Gigi. Sy dans al 15 jaar nie meer nie, maar bestuur haar klub met 'n ystervuis, veral as dit kom by haar beleid van geen verdraagsaamheid teenoor danseresse wat dwelms gebruik. Só 'n



Karin

meisie word summier by die Lollipop Lounge weggejaag omdat Gigi nie daardie soort leefstyl verdra nie.

Sy beveg die donkerkant van die seksbedryf vurig en handhaaf 'n "skoon" reputasie omdat dit algemeen bekend is die Lollipop Lounge se meisies hou hulle nié met onwettighede soos dwelms en prostitusie besig nie. Deesdae trek Gigi slegs kaal uit in haar vertonings van *Nipplecaps* en leer die stuk of 40 danseresse wat vir haar werk om hul mag reg te gebruik.

"Hulle gaan daardie mag wéér eendag gebruik as hulle 'n vergadering in 'n raadsaal het waar hulle 'n klomp mans moet toespreek. Om vir mans op 'n verhoog te dans is 'n kragtoer en ons kry meer en meer vroue wat stripkлубs

“Dis nogal 'n grap dat mens in Afrikaans 'n 'eksotiese danseres' genoem word. Daar is maar bitter min wat eksoties is aan daardie soort omgewing.”

besoek – in gróót groepe – en dan op die verhoog spring om daardie geweldige kragtoer te bestudeer en te proe.”

Wanneer jy *Nipplecaps & G-strings* se DVD in die hande kry, kleur Gigi hierdie mag-prentjie nog verder in wanneer sy vertel van die keer toe haar filosofieprofessor op universiteit van voor in die klas onder haar rokkie ingeloer het – haar eerste gewaarwording as jong ontkleedanseres.

“I sat dead still with my professors' eyes making their way up my legs. I truly understood power. And more importantly, the power of worship. There was a god (or should I say a goddess?) between my legs – one which

I controlled.”

“Ek het al gedans vir alle mans,” vertel Gigi. “Van elke agtergrond en kleur. Alle ouderdomme. Oral oor die land. Daar is géén stereotipe nie. Mans is mans. Hulle bly jagters. Maar daar is 'n soort man wat hou van *stripclubs* en dié wat jy nooit in 'n *stripclub* sal kry nie. My vennoot (en mede-eienaar van Lollipop Lounge) is van daardie laaste stereotipe en kyk waar het hy geëindig.”

Dié dans roep

“Dit is alles musiek se skuld,” vertel Glenda Kemp. “Ek onthou daai eerste diskoteek in Hillbrow. Sal die musiek my nou nie sommer oorneem en my rondruk en streel asof ek alleen in daai Hillbrow-rookborrel rondwieg nie. Toe

al die ander liggamme daar terugstaan en die dansvloer aan my oorgee, het die eienaar 'n dollar of twee gesien. Dis tóé dat hy my 'n werk aanbied en daar word ek toe sowaar betaal om te doen wat ek nie anders kon as om te doen nie.”

En haar toeskouers?

“Kinderlikes wat grootoog en bewonderend gekyk het asof dit die agtste wonder van die wêreld was wat

aan hulle geopenbaar word,” onthou Glenda. “En dan was daar natuurlik altyd die vraag: Wat eet die slang?”

Karin Eloff se herinneringe van haar kliënte is minder rooskleurig. “Onder mans kry mens die volgende soorte in *stripclubs*: die ou wat sy sakevennote soontoe vat om hulle te probeer beïndruk; die visserman sonder tande wat sy laaste sente daar spandeer in plaas van op sy gesin; die akteur of sanger wat die houding het dat die meisies almal weet wie hy is; die nuuskierige ou wie se pelle hom soontoe gesleep het en eintlik glad nie daar hoort nie; die gewone ou – manne wat geselskap soek, nie veel geld spandeer nie en dus die dansers se tyd mors.



Glenda

“Dan is daar ook die hennepartytjies. Vroue wat soontoe gaan en verskriklik gesuip raak, jou behandel of jy 'n snaakse voëlspejie is, wat nooit ophou om vrae te vra nie en net wil weet hoe hulle hul mans kan hou. Daardie vroue mislei hulself tog te lekker. Geen *stripper* het al enige huwelik gered nie.

“By the way, dis nogal 'n grap dat mens in Afrikaans 'n 'eksotiese danseres' genoem word. Daar is maar bitter min wat eksoties is aan daardie soort omgewing.”

Nou bloos Glenda

Hoe verskil die *striptease*-wêreld van 1973 van dié van 2013? “Soos dag en nag,” sê Glenda. “Meer as een keer moes tydskrifte van die rak af gehaal word omdat ene Glenda Kemp se mond oop was en dit aanstoot gegee het. Vandag? Nee, nou bloos ek skoon.”

“Dis meer van 'n *ego trip* omdat dit lekker is om begeer te voel,” sê Karin. “Enige danseres wat dit ontken, praat nonsens. Die aandag is lekker, maar as jy in ag neem dat die meeste klante jou nie as 'n intelligente of suksesvolle wese beskou nie, val die *power*-trippie ook maar plat. Dis waarvoor die klante daarheen gaan – hulle wil in hul fantasieë voel dat die meisies wat vir

hulle dans, dink hulle is *hot*.

“’n Loopbaan as *stripper* is net *empowering* as jy ’n ontsnaproete het. As jy eers daarin is en jy kan nie uit nie, dan is dit beslis nie *empowering* nie. Ek weet van bitter min dansers wat dit kon regkry om geld te spaar en byvoorbeeld ’n besigheid oop te maak daarmee. Gigi is dalk die enigste een. Gewoonlik sukkel die meisies om die oorgang van *stripper* na ‘die regte wêreld’ te maak en val dikwels vir die soort man wat jou probeer ‘red’ deur jou ’n werk te gee. Dan besit daai ou jou...”

In *Stiletto* skryf Karin dan ook: “Dit het alles begin by ’n verbeelding waarvan die teuels heeltemal los was. En later só los geraak het dat ek nie meer geweet het wat kom ná tandeborsel in die oggend nie.”

In die boek Numeri (21:9) in die Bybel staan daar geskryf: “*Moses het toe ’n koperslang gemaak en dit op ’n paal gesit. As iemand wat deur ’n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef.*”

Dit is die enigste simbool van ’n slang wat Glenda Kemp vandag aanhang omdat sy nou leef volgens daardie teksgedeelte. En as dit kom by haar liefde vir “die Boek van alle boeke” beskryf sy haar as “’n vraat wat almal wil saamsleep as ek hulle nie kan kry om saam te loop nie”.

“Dis wat die Here met my gedoen het, sê sy. “Dit is my eie, ware ondervinding. Sommerso eendag toe ek skaamkry oor die slangstorie, toe wys die Here vir my die anderkant van ’n omgedraaide lewe. Toe Hy met my klaar is en ek vra ‘Nou wat van daai

strippery’ toe sê Hy vir my ‘Watter *strippery*’. Dis net ’n *blank screen*, want toe Hy aan die paal gehang het vir my, het al my ou stories soos mis voor die son verdwyn. Ek is ’n nuwe mens met ’n nuwe lewe.”

Maar nie almal verkies ’n nuwe lewe nie. Volgens Gigi sou sy nooit ’n ander loopbaan wou kies nie. “Die Here het geskommel en die *dice* het geval,” sê sy. “Dis wat met my lewe gebeur het en ek is mal oor my beroep. Ek is baie gelukkig en werk met ’n wonderlike span danseresse – ongelooflike sterk meisies, almal Suid-Afrikaans, verskillende kleure en tale, wonderlike *showgirls*. Dis ’n harde beroep met ’n ongenadige gehoor. *But the show must go on!*”

DEUR: ANGOLA BADPROP

Angola Badprop is vermaakredakteur van Sondag.

Seks in Afrikaans

Die Afrikaanse vrou is in die verlede as eng en konserwatief gesien wanneer dit by bedsake kom, maar raak al hoe gemakliker met haar seksualiteit.

Sjuut, gaan kruip in jou kamer weg en lees vinnig, want jy het een van daái artikels in jou hande – die soort waaroor ons Afrikaners nie praat nie. Dit gaan oor paddatjies, koekies, watsename en dingetjies. Verward? Waarskynlik, want wanneer ons in Afrikaans oor seks gesels, is dit in kodetaal.

“Afrikaners, veral vroue, gaan gebuk onder geheime skuldgevoelens oor seks,” sê Maritza Breitenbach, skrywer van *Die koekieboek* (Paddycat Uitgewers, 2012). “Dit bly steeds een van die grootste sosiale taboes van ons tyd. Die woord ‘vagina’ dra klaarblyklik geweldige skokwaarde en juis daarom is vroue van alle ouderdomme ongelukkig en ongemaklik.”

Maar ons skaamte, sê die kenners, is gevaarlik, so gevaarlik dat dit jou huwelik ten gronde kan laat gaan. “Sonder seks, of sonder hulp in geval van probleme, sal jou huwelik heel waarskynlik tot niet gaan. Dis net ’n kwessie van tyd,” sê Riette Rust, joernalis en skrywer van *Die Aa tot*

Oe van seks (NB Uitgewers, 2013) en *Lang bene & lipstiek – Gebruik jou seksualiteit en behaal sukses* (Naledi, 2011).

Elmari Craig, ’n seksuoloog en verhoudingsterapeut van Pretoria, stem saam. “Ons egskeidingsyfer sal baie laer wees as paartjies mekaar op emosionele en seksueel-intieme vlak volhoubaar kan vind,” sê sy.

Die wiel draai... stadig

Tog is Afrikaanse vroue sterk, vurig, meelewend en ekspressief en daar is deesdae toenemende vrymoedigheid om openhartig oor seksprobleme en -posisies te gesels, sê Maritza. “Dit is vir my opvallend dat jonger vroue seksualiteit openlik met hul maats bespreek. Ons beleef sonder twyfel ’n pro-seks-beweging.”

Vroue het die laaste paar jaar meer bevry geraak in die werkplek, sê Elmari, en op alle vlakke hul mag terugneem. Op seksuele vlak word vroue meer liberaal en hulle het minder inhibisies.

“Baie jong vroue is werklik in kontak met hul seksualiteit. Hulle leef dit op gesonde maniere uit en streef na seksuele vervulling. Vandag se 60 is ook jare gelede se 40. Mense word gesonder ouer en vandag se seksuele medisyne en terapie maak ’n gesonde sekslewe jou hele lewe lank moontlik. Ons bly tog seksuele wesens tot die dag dat ons doodgaan,” sê Elmari.

Tog is seksuele kennis dikwels yl onder Afrikaanssprekendes. Verbasend baie mans én vroue weet nie wat ’n klitoris is of waar dit sit nie, sê Riette, terwyl slegs 70% van vroue orgasme deur penetrasie kan bereik en die meeste

“Dit is vir my opvallend dat jonger vroue seksualiteit openlik met hul maats bespreek. Ons beleef sonder twyfel ’n pro-seks-beweging.”

benodig klitoris-stimulasie.

“Dit is van kardinale belang dat ons meer aandag moet gee aan vroue se intieme selfbeeld en -kennis,” sê Maritza. “Liggaamlike kennis en seksuele speelsheid doen nie afbreek aan die heiligheid van vrouwees nie. Ons liggame is ’n belangrike uitdrukkingsmedium – ken jou liggaam, elke hoekie, gaatjie en kronkel daarvan. Neem eienaarskap en versorg, beskerm en geniet dit met oorgawe.”

Maar die meer bevryde vrou, hoewel sy ’n skaars spesie onder Afrikaners is, sê Riette, gee wel die borstrok skiet. “Sy besef dat sy maar haar liggaam mag geniet. En sy is trots op die feit dat sy die enigste wese is wat ’n klitoris het – ’n orgaan wat alleenlik vir plesier geskep is!”

Negatiewe bloudruk

Hoewel jonger vroue in die algemeen meer bevry is, steek ’n groep fundamentalisties-gelowige jongelinge kop uit wat ’n “geen aanraking”-benadering volg tot uiterste vlak, sê Elmari. “Dit wek weer die indruk dat seks vuil en sondig is en lei gewoonlik tot ernstige seksuele wanfunksionering in die huwelik.”

Ander vroue begin juis wegbeweeg van die negatiewe seksuele bloudruk wat al generasies lank op Afrikaners afgedruk word. Dié bloudruk spruit uit absolute konserwatisme, sê Riette, en het ’n afgryse merk gelaat

op Afrikaanse huwelike en intieme verhoudings.

“Tog het ek volle empatie daarmee, want ek het net so konserwatief grootgeword: ’n mens praat nie oor seks nie. Baie ouer vroue is wrakke oor hoe hulle op seksgebied grootgemaak is: Seks is vuil of iets wat net ’n man geniet. ‘Jy lê maar net daar en wag tot dit oor is, my kind,’ moes ouer vroue destyds hoor. Dié siening het ’n lang geskiedenis. Maar

daar is gelukkig nou ’n groot lig aan die einde van die tunnel.”

Erotiese kapitaal

Afrikaners begin uiteindelik oor seks gesels – op ’n gesonde manier – en besef dit is ’n belangrike deel van die lewe. En mense van alle kulture begin besef hoe nodig erotiese kapitaal is. Dis inderdaad die belangrikste professionele eienskap wat nodig is vir sukses in die komende dekade, meen dr. Catherine Hakim, die Londense sosioloog wat dié term geskep het, sê Riette.

“Erotiese kapitaal beskryf daardie ‘X-faktor’. Dis eintlik seksualiteit ineengevleg met selfvertroue, sprankel en lewenslus en het ses kenmerke: Skoonheid (oftewel goeie selfsorg), seksuele aantrekkingskrag, sosiale vaardighede, lewenslus, goeie selfaanbieding en seksualiteit (jou manlikheid of vroulikheid).”

En hoewel ons Engelse eweknieë vanweë blootstelling aan die media meer gemaklik is met sekstaal, is die selfversekerde Afrikaanse vrou nie meer skaam om in Afrikaans te vry nie. “Miskien dink die gemiddelde Afrikaner dis sonde om prikkeltaal in ’n geliefde se oor te fluister, maar dit kan wonderre verrig,” sê Maritza.

Seks in Afrikaans is immers net so lekker, belangrik en goed vir jou soos seks in enige taal!

TABOES EN TOWERKRAGTE

Elmari en Riette sê dié taboes kom ongelukkig nog algemeen onder Afrikaanse vroue voor:

- Seks is grillerig of vuil.
- Dis ’n vrou se plig en sy moet altyd gereed wees vir seks.
- Masturbasie is sonde.
- Orale seks is verkeerd.
- Hulpmiddels en seks speelgoed is verkeerd.
- Net slegte vroue geniet seks, verlei ’n man of neem inisiatief.
- Geen man mag voor die huwelik intiem aan jou raak nie. En dan, op jou huweliksnag, moet jy in ’n absolute seksskat ontpop.

Hulle wens meer Afrikaners kan besef dié sienings doen skade aan ’n gesonde sekslewe. Onthou, sê hulle:

- Seks behoort ’n natuurlike, genotvolle ervaring te wees.
- Dis ’n Godgegewe gawe wat jy behóórt te geniet. Jy verdien daardie ontplofende orgasme!
- Dis goed vir liggaam, siel en gees. Dit help vir hoofpyn, verslanking, hooikoors, asma, ligte depressie; is goed vir jou hare en vel en hou jou jonk!
- Daar is meer seksposisies as “die sendeling”.
- Dis oukei as jy iets wat die

wenkroue laat lig soos sado-masochisme, rolspel of fantasie wil ondersoek.

- Voorspel is baie belangrik. Vir ’n vrou sluit dit ’n gelukkige verhouding in. Gesels gereeld met haar, komplimenteer haar, help met die kinders en versorg jouself fisiek. 🧘

DEUR: DELIA DU TOIT.

FOTO’S: GIGI: (GALLO IMAGES/ YOU/ FANI MAHUNTSI). KARIN: (GALLO IMAGES/ FOTO24 / LAUREN MULLIGAN). GLENDA: (GALLO IMAGES/ DIE BURGER/JACQUES BOSCH)